

# MODERNITEIT EN DIE AFRIKAANSE LITERATUUR

Prof Andries Visagie

Mei 2016

*MODERNITEIT EN DIE AFRIKAANSE LITERATUUR*

Intreerede gelewer op 16 Mei 2016

Prof Andries Visagie  
Department Afrikaans en Nederlands  
Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe  
Universiteit Stellenbosch

Redakteur: Prof L Viljoen  
Drukwerk: SUN MeDIA  
ISBN: 978-0-7972-1609-9  
Kopiereg © 2016 Andries Visagie



## BIOGRAFIE

Andries Visagie is as professor in die letterkunde verbonde aan die Departement Afrikaans en Nederlands van die Universiteit van Stellenbosch. Hy het sy studie by die Universiteit van Stellenbosch en die Universiteit Utrecht (Nederland) voltooi en sy proefskrif is gewy aan 'n studie van manlike subjektiwiteit in die Afrikaanse prosa van 1980 tot 2000.

Andries Visagie se navorsingsbelangstelling is steeds gerig op gender en seksualiteit in die Afrikaanse en Nederlandse prosa, maar baie van sy publikasies gaan ook oor outobiografiese literatuur en mens-dier-verhoudings in die literatuur. Sy navorsing oor mens-dier-verhoudings pas in by sy meer resente ondersoek na die posisie van die Afrikaanse literatuur in die moderniteit. Sy belangstelling in die poësie vind veral uiting in sy doseerwerk en in sy bydraes as digkunsresesent. Publikasies van Andries Visagie verskyn gereeld in vaktydskrifte soos *Stilet*, *Literator* en *Tydskrif vir letterkunde*. Hy dra ook hoofstukke by tot boekpublikasies waaronder *Perspektief en profiel* (met H.P. van Coller as redakteur), *Criticism, Crisis, and Contemporary Narrative. Textual Horizons in an Age of Global Risk* (redakteur: Paul Crosthwaite) en *The Cambridge History of South African Literature* (onder redaksie van David Attwell en Derek Attridge). Hy is saam met Judith Lütge Coullie redakteur van die boek *Antjie Krog: An Ethics of Body and Otherness* (UKZN Press, 2013).

Andries Visagie is tans voorsitter van die Afrikaanse Letterkundevereniging. Hy is ook resensieredakteur van *Tydskrif vir letterkunde*.



# MODERNITEIT EN DIE AFRIKAANSE LITERATUUR

---

## 1. INLEIDING

In die Afrikaanse literatuurwetenskap is dit gebruikelik om die historiese ontwikkeling van die Afrikaanse literatuur volgens opeenvolgende periodes te bestudeer. Bewegings soos die Dertigers en die Sestigers en verskynsels soos die plaasroman, die grensliteratuur, die modernisme en die postmodernisme bied vir die navorser 'n nuttige greep op ontwikkelinge binne die literêre wêreld. Met hierdie lesing wil ek enkele motiverings bied vir die sinvolheid van 'n studie van die Afrikaanse literatuur as 'n uitdrukking van die moderniteit, die periode in menslike denke wat in die sestende en sewentiende eeu in Europa ontstaan het en met die koloniale uitbreiding na ander wêrelddele soos Suid-Afrika gemigreer het.

Die blikhoek wat ek inneem, is dus vanuit 'n periodekonsep wat die Afrikaanse literatuur in sy geheel oorskou aangesien die Afrikaanse literatuur in die tweede helfte van die negentiende eeu uit onder meer Nederlands sy beslag gekry het. As sodanig is die Afrikaanse literatuur 'n moderne literatuur terwyl ouer tale soos Engels of Nederlands, anders as Afrikaans, ook 'n premoderne literatuurskat het. Indien Afrikaanse literatuurwetenskaplikes wil terugdelf na die historiese wortels van die Afrikaanse literatuur vereis dit 'n skuif uit die konstruksie van die Afrikaanse letterkunde na die oorgelewerde orale literatuur van die Khoi en die San of byvoorbeeld die Nederlandstalige literatuur uit die Middeleeue. Vir die meeste lesers is dit vandag ietwat onwerklik om die werk van C.J. Langenhoven of Eugène N. Marais as moderne literatuur te beskou. In die Nederlandstalige literatuurwetenskap beskou ondersoekers van die moderne literatuur die literêre produksie sedert die laat negentiende eeu egter konsekwent as deel van hulle ondersoeksterrein. In sy onlangse geskiedenis van die moderne Nederlandse literatuur skakel Thomas Vaessens (2013) byvoorbeeld heel oortuigend die romantiek, die realisme, die modernisme en die postmodernisme met die ontwikkeling van die moderniteit as 'n periode wat breuke met die verlede vooropstel in die rustelose strewe na vernuwning en vooruitgang.

'n Goeie begrip van die gedagtegoed wat aan die moderniteit sy besondere aard gegee het, stel die navorser in staat om 'n beter begrip te vorm

van literêre werke wat binne hierdie periode op uiteenlopende wyses as uitings van die moderne denke geld. Ek omskryf dus vervolgens enkele verskynsels wat met die moderniteit geskakel word voordat ek my aandag toespits op die Suid-Afrikaanse konteks wat deur 'n aantal eiesoortige aksentuerings van die moderniteitsdenke gekenmerk word. In die voormalig gekoloniseerde wêreld het die unieke plaaslike kontekste noodwendig tot 'n diversiteit van alternatiewe moderniteite gelei wat in baie opsigte verskil van die verskyningsvorm van die moderniteit in die Europese ontstaansbodem van hierdie invloedryke ontwikkeling. Die vraag wat my interesseer, is hoe die sisteem van idees wat met die moderniteit geassosieer word in die koloniale wêreld neerslag gevind het. En op watter maniere innoveer en reageer Afrikaans en die Afrikaanse literatuur as uitvloeiings van 'n koloniale verlede op die impulse van die moderniteit?

## 2. TEORIEVORMING OOR DIE MODERNITEIT

In *Theory from the South* (2012) beskryf Jean en John Comaroff die moderniteit as 'n *Weltanschauung* wat die mens as 'n selfskeppende subjek beskou, wat die ideaal van die mensdom as 'n eie spesie nastreef, en wat streef na 'n visie van die geskiedenis as 'n vooruitbeurende mensgemaakte konstruksie, na 'n ideologie van verbetering deur die insameling van kennis en tegniese vaardighede en die rustelose najaag van innovering wat weer aanleiding gee tot 'n behoefte aan dit wat ewig is. Op 'n politieke vlak word die moderniteit verder aan die ontstaan van die nasiestaat en die aanbreek van Westerse kolonialisme gekoppel.

Die klem op rasionaliteit in die moderniteit lei tot die toenemende verwydering van die individu van een of ander groter gemeenskap, byvoorbeeld 'n religieuse gemeenskap, sodat die selfskeppende subjek steeds meer atomisties, vryswewend en nomadies voorkom. Die moderne mens word vrygestel om sy of haar eie potensiaaliteit te bereik. Ten einde hierdie ideaal te verwesenlik het die individu die vryheid om outonoom oor hom- of haarself te beskik sonder die versmorende aanspraak van die tradisie. Deur die vrystelling van die individu van die tradisie en die lokaliteit kan hy of sy

daadwerklik aan vooruitgang en ontwikkeling meewerk (Goosen, 2015: 205-207). Die subjek van die moderniteit kom tot stand deur individuele keusevryheid, individuele beweeglikheid en 'n gedrewe outonome selfbetuiging (Goosen, 2015: 234). Volgens Alain Finkielkraut (2005: 14-17) vorm bevryding skering en inslag van die konsepsie van die moderne mens en hy voer die ontstaan van hierdie opvatting so ver terug as na die werk van Pic de la Mirandole (spesifiek sy *Oratio de hominis dignitate*) aan die einde van die vyftiende eeu. Pic de la Mirandole het die mens voorgestel as 'n volledig outonome wese wat die perke van die natuur kan oorskry om soos 'n beeldende kunstenaar aan homself soewereine vorm te verleen. Ook die konserwatiewe Amerikaanse filosoof Léo Strauss beskou die neutralisering, verskraling en selfs die afskaffing van die natuur in die strewe na menslike uitsonderlikheid as tiperend van die moderniteit (Goosen, 2015: 261). Pic de la Mirandole het reeds die mening gehuldig dat die mens nie sy aard en wese in 'n reeds afgeronde vorm van die natuur ontvang nie, maar genoodsaak is om sy bestaan te verwerp en om aan homself vorm te verleen deur deugdelikheid en deur die kreatiwiteit wat met die kunste geskakel word: "Die moderne mens is dus nie meer substansie nie maar beliggaam eerder die vryheid van oneindige moontlikhede. Die mens van die moderniteit moet dus altyd vorentoe gaan en homself oortref, vanwaar sy fassinatie met verandering en beweging" (Van Heerden en Visagie, 2013: 107). Hierdie gedrewe selfbetuiging wat berus op die konstante identifikasie van breuke en diskontinuiteite met die tradisie en met die religie lei dikwels tot 'n dralende gevoel van vervreemding en ontgogeling met die wêreld soos Max Weber dit stel.

In sy boek *Modernity at large* stel Arjun Appadurai (1996: 17) vas dat globalisering sterker as ooit die besef laat posvat het dat verskillende samelewings die boustene van die moderniteit op uiteenlopende maniere toe-eien en dat die moderniteit dus op ongelyksoortige maniere ervaar word. Dilip Gaonkar (2001) verwys selfs na die "alternatiewe moderniteite" wat in verskillende wêrelddele beslag gekry het, terwyl Geschiere, Meyer en Pels (2008: 5) skepties staan oor veelvuldige moderniteite aangesien die meervoud die illusie van 'n relativistiese gelykheid mag bestendig. Al maak hulle voorsiening vir 'n meervoud van ontwikkelingsrigtings in die moderniteit afhangend van die onttakeling en herkombinasie van elemente van die moderniteit in verskillende dele van die wêreld, verkies hulle nietemin 'n relasionele beskouing van die moderniteit. Geschiere,

Meyer en Pels (2008: 3) redeneer naamlik dat die mees kenmerkende aspekte van die moderniteit oor 'n langer tydskuur ontwikkel het in die verhouding tussen Europa en sy ander, byvoorbeeld reeds deur die ontsluiting van nuwe markte deur die handel oor groot afstande heen en die aanvanklike akkumulering van die kapitalisme deur slawearbeid in die Karibbiese landbouïndustrie, asook die ontwikkeling van statistiek en die Europese ontdekking van rassisme. Net soos Susan Stanford Friedman (2006: 426-427) en Alain Finkielkraut (2005: 14-17) wil Geschiere, Meyer en Pels die ontstaan van die moderniteit verder terugneem as die agtiende eeu. Hulle argumenteer egter dat ook ontwikkelinge in Afrika en ander gebiede buite Europa van meet af aan, dus voor die Verligting van die agtiende eeu, verreken moet word in die relasionele beskouing van die moderniteit.

In Afrikaans is die bydrae van Danie Goosen oor die implikasies van die moderniteit vir Suid-Afrika en spesifiek die Afrikaners 'n interessante studie van die eiesoortige vorm wat die moderniteit ook in die Afrikaanse literatuur aangeneem het. In sy boek *Oor gemeenskap en plek. Anderkant die onbehae* omskryf Goosen (2015: 321) die verhouding van die Afrikaners ten opsigte van die moderniteit as die "register van die tussen". Hierdie "tussen-toestand" verklaar hy soos volg: "Kortom, om 'n Afrikaner te wees, beteken om jouself in die tussen tussen botsende wêreld – tussen tradisie en modernisme – te bevind, altyd alreeds" (2015: 321). Vir Goosen gaan dit dus nie soseer oor die tussenin posisie van Afrikaners ten opsigte van Europa en Afrika nie en hy laat dus die uitgebreide (Suid-)Afrikaanse literatuur oor die voortgesette dialoog tussen die plaaslike realiteite van Afrika en die aansprake van 'n moderniteit wat in Europa beslag gekry het, buite beskouing. Goosen (2015: 322) pleit vir 'n tuiskoms in die "tussen-toestand" wat inhou dat sowel die aansprake van die tradisie as die moderniteit erkenning geniet.<sup>1</sup> Volgens Goosen (2015: 323) is "die stem van die tradisie [...] bykans volledig uit die alledaagse lewe gedoof" namate Afrikaners ná apartheid die self en die eie as 'n negatiewe gegewe ervaar terwyl die ander omhels word, 'n uitdrukking van *oikophobia*, dit wil sê vrees vir die eie wat tot selfontlediging lei en 'n vermyding van die "eie huis" meebring (Goosen, 2015: 331). Hy lig dan die tussen-toestand wat hy voorstaan, toe aan die hand van W.A. de Klerk se roman *Die uur van verlange* (1953 en bygewerk in 1971) as 'n teks wat uitdrukking gee aan "n moderniteit wat

verseg om die aanspraak van die verlede prys te gee; [...] ’n moderniteit wat tussen oud en nuut kan bemiddel” (Goosen, 2015: 350).

In my eie visie op die moderniteit in die Afrikaanse literatuur hoop ek om Goosen se analise aan te vul met die ander belangrike “tussen-in” wat die literatuur van die breër Suid-Afrikaanse gemeenskap asook die literatuur van ander dele van Afrika met ’n vergelykbare geskiedenis kenmerk. Hierdie “tussen-in” is die voortgesette onderhandeling in die literatuur tussen die gedagtegoed van die moderniteit en die omgewing en sosiale omstandighede in Afrika wat geanker is binne tradisies en kosmologieë wat uiteraard eweneens met rasse skrede besig is om te moderniseer. So ’n studie is myns insiens selfs belangriker in die lig van Thomas Vaessens se boeiende poging om die moderne Nederlandse literatuur vanuit die blikhoek van die moderniteit te oorskou.

### 3. MODERNITEIT IN DIE LITERATUUR: DIE WERK VAN THOMAS VAESSENS EN BYDRAES OOR DIE MODERNITEIT IN DIE SUID-AFRIKAANSE LITERATUUR

Vir sy studie *Geschiedenis van de moderne Nederlandse literatuur* (2013: 8) neem Thomas Vaessens die uitgangspunt dat die instelling van die literatuur, soos dit vandag nog daar uitsien, onlosmaaklik gekoppel is aan die gedagtegoed van die moderniteit. Ten minste sedert die werk van René Descartes word die moderniteit beskou as die vooropstelling van die rasionaliteit in die mens se strewe om meester van die natuur te word, maar die moderniteit is ’n paradoksale gegewe omdat dit nie net deur vooruitgangsdienke nie, maar oor deur skerp kritiek op daardie soort denke gekenmerk word. Dit gaan dus nie net oor rasionalisering nie, maar ook voortdurende verset teen die gevolge daarvan vir die individu. Die voordele van industrialisering gaan gepaard met ’n definitiewe fassinatie met alles wat daardeur bedreig word waaronder die natuurlike, die spontane en die menslike. Om hierdie redes redeneer Vaessens (2013: 9) dat die moderne literatuur by uitstek die medium geword het vir ’n kritiese refleksie op sowel die voordele as die skadukante van die moderniteit. In die moderne periode het die literatuur begin funksioneer as die werkstasie waar nuwe visies op mens en samelewing ontwikkel en uitprobeer is (Vaessens, 2013: 7). In sy literatuurgeskiedenis, wat nie sonder kritiek ontvang

is nie, identifiseer hy dan vyf transhistoriese raamwerke oftewel “frames” wat hy nie as fases in die moderniteit beskou nie, maar eerder as perspektiewe op die moderniteit. Hierdie vyf raamwerke is die romantiek, die realisme, die avant-garde, die modernisme en laastens ook die postmodernisme.

Indien ’n mens die moeilike vraag oor die begin en die herkoms van die Afrikaanse literatuur binne ’n gemeenskap met wortels in Afrika, Europa en Asië vir eers tersyde laat, is dit ten minste aanneemlik om te beweer dat die Afrikaanse literatuur as konstruksie in die era van die moderniteit beslag gekry het. Vaessens se geskiedenis van die moderne literatuur is weliswaar waardevol vir ’n studie van die Afrikaanse literatuur as ’n produk van die moderniteit, maar dit bied byvoorbeeld slegs ’n oorsigtelike verrekening van die postkoloniale literatuur.

Veral in die werk van Engelstalige literatore in Suid-Afrika is reeds aansienlike vordering gemaak om die meer gevestigde literatuurwetenskaplike diskoers oor die postkolonialisme aan te vul met insigte oor die moderniteit en selfs die “modernity at large” waarmee Appadurai die konsekwensies van globalisering benoem. David Attwell (2005) se boek *Rewriting modernity. Studies in black South African literary history* is byvoorbeeld ’n beduidende bydrae asook die werk van Ntongela Masilela waaronder sy boek *The cultural modernity of H.I.E. Dhlomo* (2007) waarin hy Dhlomo en ander lede van die New African Movement, wat byvoorbeeld Solomon T. Plaatje insluit, se literêre formuleringe van die uitdagings wat die moderniteit vir swart skrywers rondom die 1930’s gebied het, omskryf. Die voortgaande relevansie van die moderniteit vir Suid-Afrika op politieke vlak spreek uit die raak ontleding van Willie Esterhuyse (2016: 9) dat president Jacob Zuma met die skepping van ’n regering wat op patronaatskap berus ’n tradisionalistiese verwysingsraamwerk hanteer in teenstelling tot sy voorganger Thabo Mbeki wat ’n moderne demokrat was wat ’n ontwikkelingstaat en ’n Afrika-rennaissance voorgestaan het. ’n Mens sit regop as jy die volgende gevolgtrekking van Esterhuyse (2016: 9) lees: “Die idee dat Suid-Afrika ’n moderne staat met ’n gemoderniseerde bevolking is, is eintlik ’n waansinnige idee.” Onvermydelik weeg tradisie steeds swaar, ook in die literatuur wat afwisselend met instemming en bevraagtekening die aansprake van die moderniteit verreken.

Nog ’n boeiende voorbeeld van literêre navorsing oor moderniteit wat rekening met wit en swart skrywers hou, is Dan Wylie se studie van Antjie Krog

se vertaling *The stars say 'tsau'*. Wylie (2014) skryf oor die verskillende dimensies van ontheemding in die moderniteit wat skrywers soos Laurens van der Post, Stephen Watson, Alan James en Antjie Krog laat toenadering soek het by die opgetekende orale vertellings van die /Xam-verteller, //Kabbo, wat weens koloniale verowering van sy tuiste vervreem is. Ook die Afrikaanse literatuurstudie kan potensieel baat vind by 'n beskouing van die postkolonialiteit wat verder kyk as die diskoers oor koloniserings en wat erns maak met die meer omvattende sisteem van idees in die moderniteit wat Europese uitbreiding in Afrika onderlê het en wat in die huidige tydsgewrig 'n invloed uitoefen op transnasionale verplasinge, insluitend migrasie. Met hierdie herhaling van my pleidooi haas ek my vervolgens na enkele illustrasies van uiteenlopende postkoloniale verrekenings van die moderniteit in die Afrikaanse literatuur wat die modernisme, die postmodernisme en die laat postmodernisme oftewel die metamodernisme omvat.

#### 4. AFRIKAANSE MODERNISME: N.P. VAN WYK LOUW MET WILMA STOCKENSTRÖM AS OORGANGSFIGUUR

Die modernisme as 'n stroming in die kunste is uiteraard sterk verknoop aan die meer omvattende filosofiese ontwikkeling van die moderniteit. Ter wille van konseptuele duidelikheid is dit belangrik om die modernisme in die kunste nie sonder meer aan die moderniteit gelyk te stel nie aangesien die modernisme meestal verwys na 'n ontwikkeling in die kunste met die Franse digter Baudelaire as 'n belangrike aankondiger in die tweede helfte van die negentiende eeu. Die modernisme het in Europa tot enkele jare ná die einde van die Tweede Wêreldoorlog voortgeduur (Friedman, 2006: 426-427) hoewel daar tot vandag toe nog skrywers en digters is wie se werk duidelik uitdrukking gee aan 'n modernistiese poëtika (vergelyk Marjorie Perloff, 2002). Die modernisme lei tot die vestiging van 'n tradisie van dit wat nuut is ("the tradition of the new", Harold Rosenberg aangehaal deur Walz [2008: 7]).

Die Dertigers is by uitstek die generasie wat met die neerslag van die modernisme in Afrikaans geskakel kan word en hulle invloed sou vir dekades die toon in die Afrikaanse literatuur aangee. N.P. van Wyk Louw as belangrike woordvoerder van die uitgangspunte van die Dertigers publiseer byvoorbeeld in 1942 sy bundel *Gestalten en diere* waarin hy die waarde van die objektiewe gestalte (Opperman, 1953: 227), net soos

T.S. Eliot en Martinus Nijhoff, in sy digkuns begin verken. Hierdie gestalte is soms ook diere soos byvoorbeeld die hond, die swart luiperd of die strandjutowolf (oftewel die bruin hiëna). In die Afrikaanse literatuur is dit opvallend dat niemenslike diere, dikwels die inheemse spesies van Afrika, meermale moet instaan vir wit skrywers se verwoording van 'n gespletenheid tussen Europa en Afrika. Die alteriteit (andersheid) van die dier word benut vir nadenke oor kulturele andersheid en die prosesse van hibridisering. Aan die hand van twee gedigte oor innames en inbrake deur diere, een uit Louw se *Gestalten en diere* naamlik "Die strandjutowolf" en een van Wilma Stockenström naamlik "Die inbraak van die mamba" uit haar bundel *Vir die bysiende leser* van 1970, wil ek die klemverskuiwings nagaan wat aan die gestalte van die inheemse dier gekoppel word in twee verse wat uitdrukking gee aan aspekte van die moderniteitsdenke in Afrikaans.

Die inbraak van die mamba deur die skoorsteen en die "inbraak" van die strandjutowolf in Louw se gedig uit *Gestalten en diere* (1942) is onder meer 'n verinheemsing van soortgelyke verhale uit 'n Europese konteks soos byvoorbeeld in die sprokie van "Die drie klein varkies" waarin die wolf probeer om by die varkies se baksteenhuis in te breek. In die sprokie en in die gedigte tree die wolf/strandjutowolf/mamba op as bedreiging en as 'n vorm van boosheid, alhoewel in die twee gedigte daar uiteindelik ook die moontlikheid bestaan om naas die bedreiging van twee gevaarlike wilde diere ook suggesties van toenadering raak te lees. In Louw se gedig (en in die konteks van die bundel *Gestalten en diere* wat in 1942 kort ná *Raka* verskyn het) is die dier onder meer die bose of die diaboliese (vergelyk moontlik in hierdie verband "die Gryse" in die slotstrofe). Verder dui die dier op die ontwrigtende invloed van die irrasionele kragte van die natuur op die mens wie se afgebakende kultuur bestaan in gevaar gestel word (natuur teenoor kultuur) en, spesifiek in "Die strandjutowolf", op die insypeling van Afrika-invloede op die wesenlik Europese mens wat as boer (vergelyk die "werf" en "ploë") in Afrika 'n bestaan probeer maak. Die tikkende polshorlosie is 'n verdere verwysing na die spreker se band met die Westers bepaalde moderniteit wat by uitstek gekondisioneer word deur die regulering van tyd en produktiwiteit. Die wildernis van Afrika in die gestalte van die strandjutowolf beweeg al hoe nader aan die persoon van die spreker en sy stukkie getemde Afrika totdat hy, soos in N.P. van Wyk Louw se "Ballade van die bose", die spreker soos 'n hond volg. Die strandjutowolf is uiteindelik 'n agtervolger, maar ook 'n meeloper wat 'n noue band met die spreker vorm.



In die gestalte van die strandjutowolf vind 'n mens 'n betekenis-kompleks wat opgeroep word deur die Europese wolf, die hond as huis- en werfdier en laastens die bruin hiëna van die Suider-Afrikaanse diereryk. Die komplekse veelheid van assosiasies wat deur die dier opgeroep word, is moeilik om in 'n enkele greep vas te vat en dui uiteindelik op die uiteenlopende en soms botsende aansprake wat 'n saambestaan in 'n moderniserende Afrika maak. Die verplasing van die moderniteit vanuit Europa geskied kennelik nie sonder grondige wysigings en uitdagings binne die Afrika-konteks nie.

By Stockenström word die inbraak van die Afrika-dier verplaas na 'n stedelike ruimte, met die suggestie dat dit spesifiek Johannesburg is (vergelyk die verwysing na 'n "waterskeiding" en die vermelding van die "goudgevatte stad"). Die inbraak van die (swart) mamba gaan met alarm en rampspoed in die ontwikkelde stedelike omgewing gepaard. Ná hierdie pandemonium volg die woorde: "Voltooi was die mamba se taak" – die ontwrigting deur die inbraak binne die stedelike ruimte is klaarblyklik die werklike doelwit van die mamba.

Die slotwoorde wat omskryf hoedat die mamba "sy koue ken op die wit strot" lê, hou egter 'n intensivering van die mamba se bedreiging in: die woorde "wit strot" mag eerstens dui op 'n aanval deur die swart inheemse Afrika-wese op die lewe van die wit stadsbewoner. Die kil woord "strot" is immers anders as die meer gebruiklike woord "keel" aanduidend van wondbaarheid soos in die uitdrukking, "iemand aan sy strot gryp". Tweedens is daar die moontlikheid dat die mamba se inbraak voltooi is en dat dit nou tyd vir versoening is – die mamba plaas sy ken liefderik oftewel versoenend, ten minste sonder aggressie, op die keel van die wit man. Hy pik immers nie, maar soek eerder toenadering net soos die strandjutowolf in Louw se gedig die spreker soos 'n hond getrou volg. Die uiteindelige dubbelsinnigheid oor die bedreiging van oftewel toenadering tot die menslike subjek deur die dier in "Die inbraak van die mamba" (en in "Die strandjutowolf") bevestig enigsins Thomas Vaessens (2013: 9) se stelling dat die moderne literatuur die medium geword het vir 'n vraagstelling oor sowel die vooruitbeurende dinamika as die skadukante van die moderniteit.

Let op die sekularisering in Stockenström se gedig van die Bybelse gegewe van God wat in konflik met die duiwel in die vorm van 'n slang gewikkel is: anders as in Genesis waar God tydens die skeppingsdae die see van die land skei, is "die man wat die waters / skei" hier hoogstens 'n menslike wese wat vir hom goddelike

magte toegeëien het. Verder is daar die verwysing na die tempelvoorhang uit die Bybelse evangelies wat binne die welvarende stedelike ruimte van Johannesburg die voorhang van "die tempel van geld" word. Die "man wat die waters skei" kan ook na Moses in die Bybel verwys wat die waters van die Rooi See geskei het tydens die Israëliete se uittog uit Egipte, maar binne die konteks van die sogenaamde instromingsbeheer van die apartheidperiode kan hierdie man die magsfiguur wees wat die instroming van swart mense na die stede probeer verhoed en swart en wit bevolkingstrome dus geskei hou.<sup>2</sup> Die mamba ontwrig illusies van goddelike gesag en geroepenheid in die stedelinge se vormgewing aan hul geïndustrialiseerde stadsruimte. Die taak van die mamba is kennelik om die selftevrede oprigting van 'n moderne stad met sy hoë geboue, howe, beurse en lesingsale te ondermyn deur te wys op 'n wederstrewige werklikheid wat 'n ewe sterk geldingsdrang het. Die moderne stad as die versinnebeelding van wit aanwesigheid in Suid-Afrika en as die enjinkamer van die vooruitgangdrang van die moderniteit word tot stilstand gebring deur die kontrapuntale binnekoms van die slang: die mamba verteenwoordig die natuurlike omgewing van Afrika wat in die gedig instaan vir die aansprake van 'n oorwegend premoderne samelewing, onder meer die swart meerderheid in Suid-Afrika wat die stadsomgewing betree in 'n poging om aan die vooruitstrewendheid van die moderne stad deelagtig te word.

Die oorwegend modernistiese poësie van N.P. van Wyk Louw en die poësie van Stockenström wat teen 1970 nog sterk trekke van die modernisme vertoon het, lewer met "Die strandjutowolf" en "Die inbraak van die mamba" twee gedigte op waarin diere van Afrika verwoordings word van die hoogspanning wat kenmerkend is van die uitbreiding van die moderniteit na die koloniale en postkoloniale wêreld. Achille Mbembe (2001: 1-2) se kritiese opmerking dat die karakterisering van Afrika met verwysing na die dierlike sedert die koloniserings van Afrika gelei het tot 'n topos in die moderne diskoers oor Afrika bied hier egter stof tot nadenke en is 'n moontlike verklaring vir die sekure en bevestigende fokus op die menslike subjek in die werk van swart en bruin skrywers in Afrikaans. Volgens Mbembe (2001: 1-2) word Afrika met die vreemdheid van die ondiere en die monsteragtige geskamel deurdat dit 'n aanloklike diepte voor buitelanders laat oopmaak wat Afrika en Afrikane ontwykend en onbegryplik laat voorkom. Terselfdertyd veronderstel hierdie diskoers 'n sekere intimiteit wat die Afrikaan sowel onpeilbaar as naby aan die waarnemer voorstel en daarom dieselfde denke op tou sit as wat die geval is met persepsies oor

die ondie. Hierdie prosesse is ook aanwesig in die representasies van die strandjutowolf en die mamba met hulle ondieagtigheid en liggaamlike nabyheid aan die menslike figure in die gedigte.

Ná haar debuut in 1970 met *Vir die bysiende leser* sou Wilma Stockenström toenemend beweeg in die rigting van die postmodernisme met haar uitdaging van die uitsonderlikheid van die menslike subjek. Hierdie verskuiwing na die postmodernisme is ook opvallend in die werk van die meeste Sestigters, en die onwillige generasie van Tagtig sorg vir die konsolidasie van die postmodernisme in die Afrikaanse literatuur.

## 5. AFRIKAANSE POSTMODERNISME: “DOL HOND” VAN ETIENNE VAN HEERDEN

In 1988 verskyn Etienne van Heerden se kortverhaal “Dol hond” in sy bundel *Liegfabriek*. Hierdie verhaal is ’n voortsetting van die gegewe van die agtervolgende hondefiguur in Louw se digbundel *Gestaltes en diere*, maar Van Heerden se visie is anders as dié van Louw postmodernisties en postkoloniaal getint. Die eiesoortigheid van die postmodernistiese prosa in Afrikaans hou in ’n groot mate verband met die betrokke aard van die literatuur wat as ’n voortsetting van die werk van die Sestigters ’n sterk uitdaging aan die rassepolitiek van die Nasionale Party gerig het. In Afrikaans het verskynsels wat elders in die wêreld kenmerkend van die postmodernistiese literatuur geword het eweneens ingang gevind. Hierdie verskynsels sluit in metafiksionaliteit, die destabilisering van die menslike subjek, die vervaging van die grense tussen populêre en meer literêre fiksie, die parodiërende omgang met literêre voorgangers en ’n relativerende omgang met metaverhale. Die standhoudendheid van ’n sosiopolitieke betrokkenheid het egter in die Afrikaanse postmodernistiese literatuur deurgesuur.

In “Dol hond” van Etienne van Heerden word die plaaswerker Jakadas Pool en sy gesin op hulle donkiekar in die Karoo deur ’n hond met hondsdelheid agtervolg nadat Jakadas op die plaas Rooidraai deur die plaaseienaar aangerand is tydens ’n onderonsie oor die verhoging van rantsoene. Jakadas Pool verlaat die plaas met die besef dat gewelddadige verset teen ongenaakbare wit plaaseienaars konsekwent rampspoedige gevolge vir bruin plaaswerkers sonder noemenswaardige regte inhou (Van Heerden, 1988: 54-55). Met sy verhaalgegewe verskuif Van Heerden die fokus

van die plaaseienaar wat byvoorbeeld angstig in sy huis lê en luister hoe ’n hondagtige ongedierte van buite af binnesluip na ’n plaaswerker gesin sonder ’n tuiste, maar wat ook verwickel is in die ontheemding en onbehae wat kenmerkend van die moderniteit is.

Die hondsdel dier jaag die Pool-gesin totdat hulle uiteindelik toevlug in die verlate huis op ’n plaas genaamd Paradysvlei vind:

Vervaard kyk hulle in die skemer huis rond. Die meubels is spoggerig: koper-asbakkies en blompotte, ’n groot portret bokant die kaggel, diep sitstoele. Hy vee met die agterkant van sy hand oor sy mond. Witmenschuis – hy kan dit ruik: vloerpolish, vleis uit die kombuis. Seep, vlieëgif. Dik matte op die vloer en voor die kaggel ’n tiervel met opgestopte kop: oop bek en glaserige oë. Hy gril en kyk uit. Die donkies staan in die tuig en wei op die grasperk, onbewus van die hond en die karretjie wat komieklik agter hulle waggel soos hulle beweeg. Die hond lê in die middel van die werf, in die oopte, met sy kop en sy oë op die voordeur (Van Heerden, 1988: 62).

Helize van Vuuren (1989: 528) noem “Dol hond” tereg ’n allegorie van armoede en gerief wat meesterlik vertel word. In dié verhaal skakel Jakadas die hond met sy Oompie Danster wat jare gelede hondsdelheid opgedoen het en vir drie dae soos ’n besetene oor die voetheuwels van die Sneeuberge gedwaal het met sy spore wat volgens oorlewering “pure pote van ’n hond” geword het (Van Heerden, 1988: 53). Die hond word dus as ’n spook uit die verlede voorgestel, maar anders as wat Jakadas en sy gesin hulle verbeel, blyk dit dat die gees van oompie Danster hulle nie vir enige onreg wat hulle in die verlede gepleeg het, wil straf nie. Die dol hond staak sy agtervolging eers toe Jakadas en sy mense die gerief van die wit mense se huis met ’n oorvloed kos betree het. Ná die hond verdwyn het, is daar geen tekens van enige hondespore op die werf nie wat ’n bevestiging is dat die hond waarskynlik ’n spookagtige verskyning is. Die voorvaders in die gedaante van die dol hond het ontferming eerder as kwaadwillige vervolging as oogmerk gehad. Die voorgeslagte wil die bevryding van die plaaswerkers aanhelp en hulle aan die bevoorregting van hul wit meesters deelagtig maak en hulle dus letterlik by die gerieflike huis van gegoede wit mense injaag, ook al is dit net vir ’n tydelike verblyf. Vanuit sy postmodernistiese poëtika rig Etienne van Heerden sy blik op die moderniteit en die implikasies daarvan vir die ontmagtigde bruin plaaswerker wat vir geslagte lank die welvaartskeppende ideale van die wit

maghebbers moes dien. In “Dol hond” is die fokus dus nie meer op die moderniteitstrewes van die Afrikaner nie, maar word die voorwaardes vir die vooruitgang van plaaswerkers in Suid-Afrika aangeroei. Dit gaan hier oor selfbevryding en ’n poging om te fantaseer oor die grensoorskryding, soos voorgestel deur die betreding van die verlate plaashuis, wat modernisering vir die onbevoorregte arbeider mag inhou.

Anders as in later Suid-Afrikaanse prosawerke soos *Disgrace* van J.M. Coetzee of *Horrelpoot* van Eben Venter waarin swart besitname van wit plaaseiendom met paniek of verlies gepaard gaan, is dit eerder ’n gevoel van rus en veiligheid wat met die Pool-gesin se aankoms op die plaas Paradysvlei geskakel word. En anders as in Stockenström se gedig “Die inbraak van die mamba” loei die alarms nie as Jakadas Pool in Van Heerden se “Dol hond” by die domein van wit bevoorregting inbreek nie. Die fokalisators in die verhaal is die plaaswerkers; in hierdie postmodernistiese verhaal word die vanselfsprekendheid van die implisiet teenwoordige wit fokalisator ondermyn om die verwagtinge wat die onbevoorregte en dikwels mishandelde bruin werkersklas van die moderniteit mag koester, aan die orde te stel.

## 6. INGRID WINTERBACH SE VLAKWATER EN DIE METAMODERNISME

In haar roman *Vlakwater* van 2015 stel Ingrid Winterbach die postmodernistiese vraagstuk na die geldigheid van ’n metaverhaal ter diskussie in ’n literêre gebaar wat enigsins herinner aan die ondersoek na die geldigheid van enersyds toeval of kontingensie en, andersyds, standhoudende verwysingraamwerke in haar belangrike roman *Die boek van toeval en toeverlaat* (2006). Soos ek in ’n onlangse resensie-artikel oor *Vlakwater* aangedui het, is ek van mening dat hierdie roman heel moontlik ’n voorbeeld is van die metamodernisme in Afrikaans, ’n ontwikkeling binne die moderniteit wat te midde van voorlopige begripsonhelderheid soms benoem word as laat postmodernisme of selfs postpostmodernisme (Visagie 2016).

Een van die hoofkarakters in *Vlakwater* is Niek Steyn, ’n kunstenaar wat in Kaapstad woon en tydelik kuns doseer by ’n privaat kunsskool waar hy meestal studente uit welvarende families soos die aantreklike jong Karlien Meyer onderrig. In Kaapstad word Marthinus Scheepers met sy boerdery teen die hange van Seinheuwel vir Niek ’n gids deur die kompleksiteit wat die eietydse bestaan

in Kaapstad kenmerk. Marthinus stel Niek byvoorbeeld bekend aan Tarquin Molteno wat naby Tamboerskloof in ’n informele nedersetting woon en sy vinger op die pols van die Kaapse onderwêreld het. Niek hoop dat Tarquin vir hom duidelikheid kan gee oor die lot van sy huurder, die fotografiestudent Charelle Koopman, wat eendag spoorloos verdwyn.

Die verhaal van Niek Steyn word aangevul deur ’n tweede vertelling deur ’n Stellenbosse navorser, ’n vrou met ’n haaslip wat enduit naamloos bly, en werk aan ’n monografie oor die Suid-Afrikaansgebore Olivierbroers wat in die internasionale kunswêreld bekendheid verwerf het vir hul video-installasies. Hierdie verteller ontmoet nooit vir Niek of Marthinus nie, maar haar paaie kruis met ’n skrywer uit hul verlede, naamlik Viktor Schoeman. In die roman oorweeg die karakters Marthinus Scheepers en Niek Steyn die moontlikheid dat Viktor Schoeman se distopiese roman *Vlakwater* as ’n bloudruk kan dien vir die gebeure wat hulle om hulle waarneem. Die karakters oorweeg dit dus dat die werklikheid besig is om fiksie na te boots deurdat hulle *Vlakwater* as ’n dieptestruktuur raadpleeg in pogings om groter begrip van die gebeure in die werklikheid te verkry. Hulle oorweeg dit byvoorbeeld dat daar ’n verband tussen Viktor Schoeman se terugkeer na Suid-Afrika en die moord op die Stellenbosse kunstenaar Buks Verhoef is. Die ervare Winterbach-leser vermoed egter van meet af aan dat die verhaal geen klinkklare antwoorde sal oplewer nie – van die lesers word meestal verwag om self na te dink oor die moontlike implikasies van die verhaalgebeure en om saam met die karakters te peins oor die verwickeling van die insidente in die roman met mekaar. Die lesers volg byvoorbeeld Marthinus se sterk vermoede dat Viktor Schoeman se *Vlakwater* ’n verklaringsraamwerk vir die onstuimige hede verskaf, iets wat dan plek maak vir groter twyfel aan sy eie teorie:

“O Here,” sê Marthinus, “*Vlakwater*. Daardie kompendium van verskrikkinge. Nee hoor, die klem val daarin op ander dinge, groter verdorwenhede” [...] “Maar toe was alles vir my duideliker. Die ontsnapte gevangenes uit die psigiatrisie inrigting. Die marauding bands. Dit was alles so reg uit *Vlakwater*. Die man hier in jou kombuis ook. Wat hy gesê het, het so presies ooreengekom met daardie een toneel in *Vlakwater*. Ek kon my kop op ’n blok sit. Selfs aan die begin met Buks Verhoef. Maar nou begin ek dink die moord op Verhoef is te voor die hand liggend. Dit pas nie by Viktor se manier van doen nie” (235-236).

Die moontlike futiliteit van Niek en veral Marthinus se pogings om die verwickelinge wat hulle sukkel om te verstaan as 'n vervulling van die fiksionele gebeure in Viktor Schoeman se *Vlakwater* te interpreteer, skuil reeds in die woord “vlakwater” wat modernistiese dieptestrukture afwys en eerder die postmodernistiese oppervlak beklemtoon.

Die vraag is egter of Winterbach se roman werklik meedoënloos afreken met dieptestrukture as geldige interpretasieraamwerke van die hede. Het metaverhale alle geldigheidsaansprake verloor in die fase van die moderniteit waarin ons leef? Die blote feit dat die karakters steeds behoefte het aan raamwerke wat vir hulle 'n greep op die lewe kan bied, is reeds 'n aanduiding dat die tyd van versplintering waarin hulle lewe weliswaar diepteverklarings ondermyn maar dat hulle desondanks steeds hunker na die toeverlaat van diepteverklarings. Die projeksies, denkbeelde en kunsskeppings wat die karakters tot stand bring, is eweneens getuie van raamwerkskepping in 'n worsteling met die ondeursigtige aktualiteit waarvoor hulle te staan kom.

Tydens 'n besoek aan die stadsplaas, ene Jurgen Wesseker se utopiese eksperiment om 'n sinvolle bestaan vir randfigure in die samelewing te skep, wend Marthinus hom in sy pogings om die toekomsmoontlikhede van die plaas te peil tot die sienswyses van sy vriend Menasse. Menasse glo onder meer aan die krag van die Kabbala, die Joodse mistiek en emanasies wat herinner aan Feng Shui. Marthinus druk sy kommer oor die utopiese plaasprojek soos volg uit:

“Ek kan dit aanvoel,” sê Marthinus, “'n geweldige krag wat dreig om alles te ontspoor, vlak onder die grond. Dit voel asof alles wat hier ordelik en onder beheer is, baie prekêr op die oppervlak balanseer. Ek reken Menasse sal baie sensitief wees vir die vibrasies en uitstralings hier. Emanations, soos hy dit noem. Hy sal vir seker presies weet uit watter sfeer onraad en erger te wagte kan wees” (288).

Die ordelikheid op die oppervlak dreig dus om deur dieper destruktiewe kragte ontwig te word. Hierdie vasstelling van Marthinus hou waarskynlik verband met die aangrensende informele nedersetting, die tuiste van Tarquin Molteno, wat die orde op die plaas as 'n kwesbare hawe ontbloot wat maklik deur sosiale wanorde verswelg kan word. In sy gedagtes ironiseer Niek Marthinus se naïewe geloof in Menasse se vermoëns: “Niek kan hom dit net voorstel: Menasse wat die emanations hier optel soos 'n waterwyser water met 'n stokkie aandui. En as hy dan vasgestel het waar

die dreigende kragte onder die oppervlak skuil – wat doen hulle dan om hulleself daarteen te beveilig?” (288).

Die eerste twee hoofstukke kondig reeds 'n gerigtheid op die relevansie van metafisiese vraagstukke in die roman aan, spesifiek heiligheid en onheil as twee teenpole van 'n religieuse referensiekader. Tydens die ontdekking van een van Marthinus se varke in sy tuin moet Niek van sy huurder Charelle Koopman verneem dat sy varke met “bad luck” assosieer en dat sy daarom weier om hulle te fotografeer (10). Die verskyning van die vark aan die begin van die roman besit dus potensieel die moontlikheid om ongeluk aan te kondig, soos byvoorbeeld die latere seksuele aanranding van Charelle en die ander gewelddadige voorvalle wat ook Niek se lewe toenemend ontwig.

Charelle se verwysing na onheil in die tweede hoofstuk kontrasteer duidelik met die openingswoorde van die roman (geuiter deur die naamlose ek-verteller) in die voorafgaande hoofstuk: “Die tyd daar was heilig. So sien ek dit terugskouend. (Is heilig 'n woord wat algemeen in my woordeskat voorkom? Nee.) Wat ook al daarvoor of daarna gebeur het, daardie tyd was heilig. Heilig! Ek sal dit nooit vergeet nie. Dis op my hart gegraveer.” (7). In die verdere uitwerking van hierdie spanning in die roman word Niek se student, Karlien Meyer, die slagoffer van 'n verkenning van die diaboliese wanneer sy, moontlik ter wille van haar kunstprojek, ernstig beseer word tydens 'n satanistiese ritueel (166). Menasse waag 'n metafisiese verklaring van die insident, maar Niek bly deurgaans skepties oor konsepte soos die “siel” en die verbeeldingskrag van sy student wat hy beskou as 'n rykmanskind sonder veel talent.

Die alomteenwoordigheid van geweld bied egter 'n uitdaging aan 'n karakter soos Niek wat, anders as Marthinus, geneig is om metafisiese dieptestrukture en konsepte soos “die Goeie” skepties te bejeën as verklarings vir die stormagtige tye waarin hulle leef. Niek wend hom eerder tot die maak van kuns. Hy skep dan ook afbeeldings van geweldstonele in 'n poging om tot groter begrip van die bloedvergieting wat hy rondom hom waarneem, te kan kom. Tog moet die soms siniese Niek toegee dat geweld 'n uitdagende toetssteen is vir enigiemand wat dieperliggende oorsake met skeptisisme bejeën. Sosiologiese of teologiese verklaringsraamwerke wat 'n sluitende interpretasie bied van die geweld in die samelewing is dringend nodig, maar die kompleksiteit van die werklikheid lei telkens tot 'n ondermyning van hierdie raamwerke. *Vlakwater* demonstreer dat daar 'n etiese appèl op die denkende mens is om met die moord, doodslag en geweld erns te maak. Die ongemak wat die roman registreer, is die gebrekkigheid van bestaande verklaringsnetwerke te midde van die

noodsaak wat bestaan om met brandpunte om te gaan sonder die luukse van postmodernistiese relativisme.

Met *Vlakwater* sluit Ingrid Winterbach aan by die metamodernisme wat die noodsaak vir 'n uitkoms uit die doolhof van die postmodernisme aanvoel en daarna streef om met 'n hernude naïwiteit en optimisme vorentoe te beweeg, maar getemper word deur die afwesigheid van 'n duidelike horison en geskikte diskoerse om 'n nuwe opregtheid sonder meer te omarm. In die nawerking van die aanval op die New Yorkse Twin Towers op 11 September 2001 is daar volgens Timotheus Vermeulen en Robin van den Akker (2010 en 2014) 'n nuwe gevoelstruktuur aanvoelbaar wat hulle metamodernisme noem. Soos in die modernisme is daar weer 'n behoefte aan 'n naïewe entoesiasme, maar die sinisme van die postmodernisme bly steeds die remskoen. Hulle sluit aan by die postmodernistiese denker Jean-François Lyotard wat die postmodernis beskou as die kaptein van 'n skip wat vrolik tussen eilande rondreis sonder om ooit aan land te gaan. Sedert die aanval in New York worstel die metamodernis met die besef dat die skip egter besig is om te sink en dat jy gedwing word om 'n besluit te neem om êrens aan land te gaan, al weet jy dat nie een van die eilande beter as die ander is nie (Vermeulen en Van den Akker, 2014). Vermeulen en Van den Akker (2010: 5) vat die gevoelstruktuur van die metamodernisme soos volg saam: "Metamodernism moves for the sake of moving, attempts in spite of its inevitable failure; it seeks forever for a truth that it never expects to find."

Dit is hierdie sensibiteit wat Winterbach in *Vlakwater* so goed vasvang met die deeglike omgang met die verbysterend hoë vlakke van geweld in die eietydse Suid-Afrika. Met haar roman skryf sy dus voort binne die tradisie van die betrokke literatuur in Afrikaans, maar soos geen ander Afrikaanse skrywer tot dusver nie, slaag sy daarin om die dilemma van die metamodernisme vas te vat. *Vlakwater* kan daarom bes moontlik die begin van 'n nuwe tendens in die Afrikaanse literatuur aankondig. Die roman is egter geensins 'n skoolvoorbeeld van nog 'n Afrikaanse boek wat nougeset Europese of Amerikaanse tendense probeer naboots nie. Die metamodernistiese problematiek in *Vlakwater* word ingegee deur plaaslike aktualiteite en kry op Winterbach se unieke genuanseerde manier in geskakeerde taalgebruik beslag. Die groter internasionale konteks word uiteindelik wel betrek met verwysing na die geskiedenis van die visuele kuns wat oor eeue heen ook die konsekwensies van geweld verreken het.

## 7. SAMEVATTING

In my oorsig oor die moderniteit in die Afrikaanse literatuur het ek drie literêre strominge binne die moderniteit, naamlik die modernisme, die postmodernisme en die metamodernisme, probeer karteer aan die hand van enkele gedigte en prosatekste van N.P. van Wyk Louw, Wilma Stockenström, Etienne van Heerden en Ingrid Winterbach. Myns insiens is dit belangrik en verrykend om die filosofiese denke wat aan die moderniteit beslag gee in berekening te bring in die studie van hierdie literêre strominge. Vir navorsing oor die Afrikaanse literatuur is dit eweneens van belang om daarmee rekening te hou dat daar tans erkenning gegee word aan die bestaan van alternatiewe oftewel veelvuldige moderniteite wat nie naatloos met die moderniteit as 'n konstruk uit die Europese denkwêreld saamval nie.

In die Afrikaanse literatuur was en is die koloniale en postkoloniale konteks van deurslaggewende belang om die eiesoortige aard van die moderniteitsliteratuur wat hier te lande ontstaan het, te peil. Die geografiese omgewing en die bevolkingsdiversiteit in Suid-Afrika het daartoe bygedra om aan die trajek van modernisering 'n ander gesig te gee namate invloed vanuit die res van die wêreld in 'n wisselwerking – soms 'n wisselwerking van hoogspanning – met die plaaslike konteks betrokke geraak het. Die rusteloosheid, die vernuwingsdrang en ook die onbehae wat met die moderniteit geassosieer word, vind deeglik neerslag in die Afrikaanse literatuur, maar word verder gekompliseer deur die konstante aanvullings, innovasies, uitdagings, hibridiserings, versnellings en verdragings wat eie aan die Suid-Afrikaanse bodem is.

.....

<sup>1</sup>Goosen se aanvaarding van die balans tussen tradisie en moderniteit verskil byvoorbeeld van die optimistiese vertroue wat Ernest Gellner in die moderniteit gestel het. Gellner beskou die moderniteit nie as 'n sosiale ontwrigting wat tot die verswakking van maatskaplike waardes lei en vervreemde individue tot gevolg het nie. Malešević (2007: 142) vat die onderskeid tussen Gellner se siening van die moderniteit as die groot Europese wonderwerk in teenstelling tot Marx, Durkheim en Weber se opvattinge daarvoor soos volg saam: "For Marx this was the product of the capitalist induced alienation. In Durkheim's view this was the breakdown of existing social norms in a principal cause of the state of anomie. For Weber the ever increasing bureaucratic rationalisation leads inevitably towards the disenchantment of modern human beings. In contrast, Gellner paints a much more optimistic picture of modern life where, instead of the Weberian 'iron cage' of rational constraint, we live in a 'rubber cage' – a world of advanced industrialism where 'antinomian permissiveness' and self-satisfying consumerism coexist with scientific and technological rationality."

<sup>2</sup>Volgens Hermann Giliomee (2004: 460) kon die Nasionale Party se beleid van instromingsbeheer nie "die golf van swart verstedeliking op die lang duur nie keer nie. Die verstedelike swart bevolking het gegroei van 2,4 miljoen in 1951 tot 3,5 miljoen in 1960 – 'n toename van feitlik 45%".

## BRONNE

- Appadurai, A. 1996. *Modernity at large. Cultural dimensions of globalization*. Minneapolis: The University of Minnesota Press.
- Attwell, D. 2005. *Rewriting modernity. Studies in Black South African literary history*. Pietermaritzburg (Scottsville): University of KwaZulu-Natal.
- Comaroff, J. & Comaroff, J.L. 2012. *Theory from the South: or, how Euro-America is evolving towards Africa*. Boulder, Colorado & Londen: Paradigm.
- De Klerk, W.A. 1971 (1953). *Die uur van verlange: synde annale van die Agterberg*. Kaapstad: Tafelberg.
- Esterhuyse, W. 2016. 'n Seekat in ons midde. *Die Burger*, 19 April: 9.
- Finkielkraut, A. 2005. *Nous autres, modernes. Quatre leçons*. Parys, Palaiseau: Ellipses.
- Friedman, S.S. 2006. Periodizing modernism: Postcolonial modernities and the space/time borders of modernist studies. *Modernism / Modernity* 13 (3): 425-443.
- Geschiere, P., Meyer, B. & Pels, P. 2008. Introduction, in Geschiere, P., Meyer, B. & Pels, P. (reds.). *Readings in modernity in Africa*. Bloomington & Indianapolis; Oxford; Pretoria: Indiana University Press; James Currey; Unisa Press. 1-7.
- Giliomee, H. 2004. *Die Afrikaners. 'n Biografie*. Kaapstad: Tafelberg.
- Gaonkar, D. (red.). 2001. *Alternative modernities*. Durham, NC: Duke University Press.
- Goosen, D. 2015. *Oor gemeenskap en plek. Anderkant die onbehae*. Pretoria: FAK.
- Louw, N.P. van W. 1972 (1942). *Gestaltes en diere*. Kaapstad: Tafelberg.
- Masilela, N. 2007. *The cultural modernity of H.I.E. Dhlomo*. Trenton, NJ & Asmara: Africa World Press.
- Mbembe, A. 2001. *On the postcolony*. Berkeley, Los Angeles & Londen: University of California Press.
- Malešević, S. 2007. Between the book and the new sword. Gellner, violence and ideology, in Malešević, S. & Haugaard, M. (reds.). *Ernest Gellner and contemporary social thought*. Cambridge: Cambridge University Press. 140-167.
- Opperman, D.J. 1953. *Digters van Dertig*. Kaapstad, Bloemfontein, Johannesburg: Nasionale Boekhandel.
- Perloff, M. 2002. *21st-Century modernism. The new poetics*. Malden, Massachusetts: Blackwell.
- Stockenström, W. 1970. *Vir die bysiende leser*. Kaapstad: Reijger.
- Vaessens, T. 2013. *Geschiedenis van de moderne Nederlandse literatuur*. Nijmegen: Uitgeverij Vantilt.
- Van Heerden, E. 1988. *Liegfabriek*. Kaapstad: Tafelberg.
- Van Heerden, N. & Visagie, A. 2013. Twee dieregestaltes by N.P. van Wyk Louw: *Raka* en "Die swart luiperd". *Tydskrif vir Letterkunde* 50(3): 106-121.
- Van Vuuren, H. 1989. Etienne van Heerden. *Liegfabriek. World Literature Today* 63(3): 527-528.
- Vermeulen, T. & Van den Akker, R. 2010. Notes on metamodernism. *Journal of Aesthetics and Culture* 2: 1-14. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.aestheticsandculture.net/index.php/jac/article/view/5677/6304> [2016, Maart 17]
- Vermeulen, T. & Van den Akker, R. 2014. What is metamodernism? [Intyds.] Beskikbaar: <https://www.youtube.com/watch?v=dH6zJULTVgQ> [2016, Mei 2].
- Visagie, A. 2016. LitNet Akademies-resensie-essay: *Vlakwater* deur Ingrid Winterbach. [Intyds.] Beskikbaar: <http://www.litnet.co.za/litnet-akademies-resensie-essay-vlakwater-deur-ingrid-winterbach> [2016, Mei 2].

Walz, R. 2008. *Modernism*. Harlow: Pearson Education.

Winterbach, I. 2006. *Die boek van toeval en toeverlaat*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Winterbach, I. 2012. *Die aanspraak van lewende wesens*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Winterbach, I. 2015. *Vlakwater*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Wylie, D. 2014. 'Now strangers walk in that place': Antjie Krog, modernity, and the making of //Kabbo's story, in Coullie, J.L. & Visagie, A. (reds.). *Antjie Krog: An ethics of body and otherness*. Pietermaritzburg: UKZN Press. 215-240.